DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**26 Julie 2020**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

Teks: Openbaring 12
Teksverse: Openbaring 12: 1 – 6
Tema: God wys ons hoe Almagtig Hy is

Geliefdes in ons Here Jesus Christus die hele brief handel oor stryd en oorwinning. Hoofstuk 12 word allerweë beskou as die belangrikste hoofstuk om die Openbaringe te verstaan. 1 – 12 handel oor die stryd en 13 – 22 oor die oorwinning. Die belofte van Gen 3: 15 word waar - die stryd tussen God en Satan/draak/Duiwel kom hier tot 'n klimaks. Die stryd tussen die saad van die vrou en die saad van die slang word hier beslis. Johannes sien weer dramaties aangrypende visioene in die hemel.

Hy sien 2 aangrypende tekens. Die van 'n swanger vrou wat besig is om geboorte te skenk en tegelykertyd 'n groot vuurrooi draak wat gereed staan om die kind dood te maak. Die vrou word in 'n groot visioen uitgebeeld – dit is baie belangrik. Sy is aangetrek met hoogheid – son; heerskappy – maan; en oorwinning – die kroon van 12 sterre. Sy is simbolies die moeder van alle gelowiges. Dit is Christus se bruid wat sy lof en heerlikheid moet verkondig. Uit die gelowige saad van die vrou word die kind, Jesus, gebore. Dit wat die Here eeue lank belowe het, word waar. Die kind is gereed om gebore te word. Die spanning is voelbaar, want die vrou gil reeds in pyn.

En dan sien Johannes die onheil wat dreigend gereed staan om die kind dood te maak. 'n Vuurrooi draak. Hy is vol haat en moord vir die Koningskind in die stal – daarom is hy rooi. Hy probeer soos die Here wees; daarom doen hy hom voor as slim – 7 koppe – en asof hy baie krag en mag het – 10 horings. Hy het 'n derde van die sterre saam met hom gesleep – dus het hy al groot sukses behaal, want 'n derde van die engele in die hemel het hom geglo en saam met hom gegaan. Hy het baie aanhangers wat die kerk wil stop.

Die spanning laai op, want die draak wil die kind opvreet. Van die begin van Jesus se geboorte af het Satan baie planne gemaak om Jesus te vermoor en uit te skakel. Herodus maak al die seuntjies jonger as 2 jaar dood. Ons lees hoe dat die Fariseërs planne maak om Jesus dood te maak.

Die Satan kom probeer vir Jesus verlei as die Gees Hom 40 dae in die woestyn invat. As hy honger is kom die Satan met die verleiding - Maak van die klippe brood. Maar Jesus voltooi Sy werk. Hy bly gehoorsaam aan sy Vader en oorwin aan die kruis en verlos ons van ons sonde.

Die Duiwel/Satan/draak is ‘n slegte verloorder. Hy het ‘n plan B. Hy verloor die geveg in die hemel, maar op aarde is daar baie wat glo dat hy sterk is en dat hy mag het. Mense verloor vinnig die geveg teen die duiwel, want sedert die paradys tyd, kom hy met ‘n halwe waarheid na die mens toe. Hy wys net die goeie kant. Ons is tans in ‘n debat oor lewe. Watter lewe is belangrik? Alle lewe is belangrik. God is die lewegewer. Die kerk se lewe is belangrik. Maar die kerk is in die midde van die stryd. God bevry almal wat berou het en sonde bely. Die draak hou nie van die kerk se boodskap van dien die Here alleen nie. Hy wil gedien word. Hy val ons aan en maak die boodskap van vertroue in God belaglik. Hy gebruik menseregte om die Bybelse boodskap te verwater. Die grens tussen waarheid en leuen vervaag. Alles is reg. Dit moet die mens eer, nie vir God nie.

Die Here bewaar die ware kerk deur hulle na die woestyn te vat. Die woestyn is beeld van god se liefde en trou. In die woestyn is jy 100% op God aangewese. God se sorg en woestyn loop hand aan hand - Israel word vir 40 jaar dag en nag versorg, die kraaie versorg Elia in die woestyn. In die woestyn leer jy dankbaarheid vir God se genade, liefde en trou. Die kerk kan nie die wêreld se vriend wees nie. Daarom stuur die Here vir Migael – Wie is soos God? Die draak verloor die geveg, want hy vra – Wie is soos ek?

Die uitslag bring 2 gevolge: die draak is uit die hemel uitgegooi. Prys die Here. Hier op aarde loop hy rond soos ‘n brullende leeu. Hy wil ons reis op aarde ‘n lewende hel maak, want dit gaan sy uiteinde wees - ewig sonder God. Sy tyd is min en hy is desperaat. Ons troos - Kyk na die stryd op aarde teen die agtergrond van die oorwinning van Christus. Die draak beplan en verlei, God hou sy kerk vas. Alles behoort aan ons Here en sy Gesalfde – daarom die grens van 1260 dae. Die volle tyd van God. Hy bly in beheer.

Ons verkeer elkeen in ons eie woestyn. Sommige se woestyn is in die pandemietyd droeër en swaarder. Jy ervaar dalk jou woestynreis as oneindig lank as gevolg van siekte. Jy het dalk vandag meer vrae en twyfel as antwoorde, troos en rigting. Bid God om visie, insig en uitsig op die hede en toekoms. Bid Hom vir kalmte en rustigheid om goeie en deurdagte besluite te neem. Die Here gee vir ons arendsvlerke van geloof om van bo af na ons lewe te kyk deur die bril van die HG. Satan is werklik magteloos teen God. Hou vas en bly jy by wat jy geleer het. Mag die Here ons bewaar.
Amen.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons dank die Here vir Sy bewarende hand oor almal wat die Covid-19 virus opgedoen het. 4 gesinne is geraak. Ons bid vir almal se spoedige herstel en genesing.
* Hennie Oelofse ondergaan 'n reeks chemo behandelings. Hy het weer afgelope Donderdag chemo ontvang. Ons bid hom en Julie geloofskrag toe in die tyd.
* Zoë Erasmus ondergaan behandeling in Pretoria vir kanker. Ons bid dat sy spoedig weer tuis kan wees en beter gesondheid mag geniet.
* Frikkie Greyling se ma, Trudie, is in Pretoria in die Intensiewe Sorgeenheid waar sy behandel word nadat sy hartversaking opgedoen het. Ons bid vir hom en sy familie die bystand en die ondersteuning van die Here toe.
* Ons bid vir ons ouers en kinders wat weer 'n onderbreking in die skooljaar ondervind. Sterkte vir ons matrikulante en die onderwysers wat die jaar probeer voltooi.
* 2020 is 'n jaar wat niemand sal vergeet nie. Elke land op aarde is op een of ander wyse geraak. In SA is elke terrein van ons daaglikse lewe geraak. Baie van ons mede broers en susters ly onder die uitwerking van die pandemie. Die gevolge van die inperkings strek ver en wyd. Ons moet vir mekaar bid as ledemate van die liggaam van Jesus Christus. Sommige van ons mede lidmate is swaar getref deur finansiële verliese. Ons ouer mense wat nie besoekers mag ontvang nie, kry emosioneel swaar. Ons kinders se lewe is omvergegooi deurdat hulle nie normaal kan sosialiseer nie. Ons verbondskinders se katkiasie is ontwrig. Die lys van lidmate wat deur die diakonie versorg moet word, word langer. Daarom moet ons ons omgee wys deur vir mekaar te sorg. Mag die Here ons almal vashou en veilig deur die tyd dra. Hou asb by die reëls en bly veilig. Die siekte is tussen ons.

## DIAKONIE

* Die diakonie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die gemeente te bedank vir hulle ondersteuning aan die diakonie tydens die Covid—19 pandemie, sonder die gemeente se finansiële hulp sou die diakonie nie met hulp ampswerk kon voortgaan nie.
* Die diakonie doen ook 'n beroep op die gemeente vir senkings vir die aankoop van formule melk vir jong babas binne ons gemeente wat nog te jonk is vir ander voedsel soorte.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat die preke van Ds. Sarel nou ook op You Tube beskikbaar is. Gemeentelede moet vanaf hulle slimfoon, tablet of rekenaar slegs op YouTube gaan en inteken op "***GKSA Pietersburg***" om die preke te volg. Hou net ingedagte dat dit data of WiFi benodig.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

## PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| ** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer* | | | |
| So 26 Julie | Zelda Erasmus<br>Hennie Oelofse<br>Karien Van Der Merwe | B<br>B<br>B | 071 886 1764<br>083 629 9649<br>082 562 4231 |
| Di 28 Julie | Allene Albertyn<br>Johan Snyman(Jnr)<br>***Susan Weideman **** | D<br>B<br>B | 078 224 6734<br>079 500 3458<br>061 461 3420 |
| Wo 29 Julie | André Bakker<br>Magda Heinlein<br>Anrize Van der Walt | B<br>B<br>D | 083 457 1711<br>076 340 9008<br>072 798 2914 |
| Do 30 Julie | Liam Pretorius<br>Cecelia Semet | D<br>D | 072 831 8147<br>072 831 8147 |
| Vr 31 Julie | Megan Carlisle | D | 082 923 98445 |
| Sa 1 Augustus | Marlene Hoogendyk<br>Flippie Hoogendyk<br>Lariza Kotze<br>Rhuan Stander | B<br>B<br>D<br>D | 083 648 5397<br>082 695 0799<br>071 907 9095<br>082 477 8009 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 27 Julie 1972 | Hennie & Hester Korff | 48 | 072 190 2991 |

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks) |
| | 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Sy het 'n kind in die wêreld gebring; 'n seun; bestem om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. Haar kind is egter weggeruk na God en na sy troon toe; en die vrou het na die woestyn toe gevlug waar God vir haar 'n plek gereedgemaak het; sodat die mense haar daar twaalf honderd en sestig dae lank kon versorg.

Openbaring 12 : 5—6

